

**7 September**

**Skrifgedeelte: Fillipense 2**

**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 2:10-13 (1933/'53-vertaling)**

**Tema: Pa – vermaan en bemoedig met betuiging!**

Paulus het in vers 7 verduidelik dat hy die gemeentelede soos 'n moederfiguur behandel het. Liefdevol en sag. Dit is hoe ons altyd die Waarheid oordra – in liefde.

Paulus gebruik daarmee saam ander instrumente om die evangelie blywend in die harte van die gemeente af te druk. Hy verkondig met vermaning, bemoediging en betuiging. Hy gebruik hier die beeld van 'n gelowige pa wat sy kinders in die vrese van die Here wil opvoed.

Eerstens, vermanend. Vermaning is 'n baie belangrike element in die oordra van die evangelie. Sonder vermaning raak ons gemaklik, ons raak slap in die geloof. Vermaning, oftewel tugtiging, hou mens nederig en gehoorsaam. Dit laat ons opnuut besef dat ons 'n heilige God dien, wat nie die kwaad duld nie. Paulus het ook die gemeente bemoedig. Bemoediging is net so belangrik. As die evangelie net vermanend, sonder bemoediging verkondig word, doen dit afbreek aan die karakter van die evangelie, want die evangelie is tog ook ons groot troos, ons bemoediging in tye van swaarkry. En dan, die laaste instrument wat Paulus in die Woordverkondiging gebruik het, is betuiging. Dit beteken: sy aansporing. Hy, Silvanus en Timotheus (vs 1) dring daarop aan dat hulle tot eer van God leef. Dit is al manier hoe die evangelie tot sy volle reg kom in mense se lewe – as dit tot God se eer strek. Die pa se aandeel in 'n kind se verhouding met God staan of val hier. Hy kan vermaan en bemoedig, maar dit help veel as hy nie self met Woord en daad God eer nie. As sy vermaning en bemoediging God se eer soek, dan is dit effektief.

Hier lê die nuwe begin vir 'n wêreld wat Christus minag – die hoof van die huis leef 'n lewe wat God werd is, soos Christus sy Vader in alles geëer het.

*Sing: Psalm 128:1, 3, 4*

*Teologiese Student M (Marnix) Boersema*